

## BYLAAG 1

### Die ontwikkelingstadium van Money-Kyrle (1961)

Die *vroeë stadiums* van intellektuele ontwikkeling en *emosionele aspekte* kan nie geïgnoreer word of geskei word van mekaar wanneer daar gedink word oor die vorming van die persepsie van die wêreld nie. Die kind kan byvoorbeeld nie tydens die eerste stadium van silopsisme – weens 'n gebrek aan intellektuele kapasiteit en abstrakte denke – onderskei tussen idees en indrukke, realiteit en fantasie nie. So is die kind oortuig dat die wêreld by hom begin en eindig en vir hom alleen bestaan. So 'n kind leef tydens hierdie stadium in die wêreld van “one stuff” en dit kan die stadium van subjektiewe monisme genoem word aangesien subjektiewe ervaring die enigste maatstaf is vir kennis. Mense wat nie suksesvol deur hierdie ontwikkelingstadium is nie, is meer geneig om 'n monistiese wêreldsiening te huldig of in towerkrag (*magic*) te glo. Kyrle (1961, p.63) verduidelik:

The idea that the child wishes to swallow, and in imagination does swallow, his parents seems ridiculous so long as we think of them as the permanent external objects they are in our adult world. But at an age – or in a strata of the mind – at which the thought of an object is not yet differentiated from the percept, thought may be as concrete as matter, while matter may be as impermanent as thought and as omnipotently controlled. In other words, if “permanence” is taken as an essential quality of “substance”, the infant’s world can be “presubstantial” and subject to the laws of magic rather than of science, and in such a world, anything is possible.

Tydens hierdie stadium verwys idees nie na enige iets verder as die “self” nie en fantasie en meer primitiewe verdedigingsmeganismes speel 'n groot rol.

Die volgende stadium van ontwikkeling wat 'n rol speel in die formulering van 'n wêreldsiening is die stadium van naïewe realisme – of hipotetiese fase van realisme – waar permanente objekte wel “bestaan”. Idees staan vir, verwys na of verteenwoordig afwesige indrukke, en die kind besit 'n preverbale taal. Die kind kan verder gedagtes behou oor materiële objekte wat gedink word, op so 'n manier dat dit bly voortbestaan. Hierdie objekte is egter nog nie volledig lewendig of “besiel” nie. Hieruit ontwikkel 'n wêreldmodel wat meer realisties is, maar wat slegs animatistiese (objek het siel of persoonlike aspekte maar nog nie verstand of denke nie) inhoud bevat en nie dualisties is nie. Tydens realisme huldig die kind gedagtes oor die verhouding tussen sy persoonlike denke en die sensoriese objekte. Indien daar nie

by die kind 'n selfbewustheid of persepsie van die psigiese realiteit ontwikkel nie, sal dit veroorsaak dat die beeld van die eksterne wêreld verwring word.

Wanneer primitiewe verdedigings vervang word met *manie of onderdrukking* as verdediging teen die depressie van die verbeelde aanval op die moederbors, beweeg die kind na die transiestadium wat gekenmerk word deur ambivalensie, en daarna die laaste stadium van dualisme. Wat nodig is vir 'n dualistiese siening is die vermoë om oor die eksterne wêreld te dink, terwyl dele van die self in fantasie geprojekteer word om die observeerder van eie gedagtes en emosies van die eksterne wêreld te wees (tweede-ordetaal). Kenmerke van die dualistiese stadium is die kapasiteit om selfbewus te wees, om vanuit of buite die psigiese self, die psigiese self in verhouding met sy objekte waar te neem (die besit van 'n tweede-ordetaal). Persoonlikheid of konsep daarvan word aanvanklik opgebou uit of deur die projeksie van heel-sentimente, eerder as slegs objekte in die waargenome liggaam van 'n ander – oorspronklik die liggaam van die ma – tot die ontwikkeling van 'n verstand. Met ander woorde, die baba se identiteit ontwikkel in verhouding met sy moeder en sy persepsie van sy psigiese self in sy eie liggaam. Daaruit spruit die persepsie van 'n psigiese self in sy eie liggaam, want eers as hy homself in haar skoene kan sit, kan hy homself waarneem van buite soos wat sy hom waarneem.

Om 'n beeld van 'n ander persoonlikheid te vorm deur met die moeder te identifiseer en dan 'n beeld van homself te vorm vanuit haar raamwerk, moet die pyn van die depressiewe posisie getolereer kan word ten einde 'n akkurate beeld van sy eie, haar persoonlikheid en ander in die wêreld te vorm. Die gevolg is dat die wêreldmodel nie slegs dualisties (ek en moeder) is nie maar akkuraat en realisties (moeder, ek en ander). Gedrag is daarom rasionaal en gerig om pyn te vermy deur te poog om die self en die wêreld op realistiese wyse aan te pas en nie deur die beeld van die interne of eksterne wêreld te verwring nie. Akkurate ervarings is dus nodig om so 'n akkuraat as moontlike beeld saam te stel (Money-Kyrle, 1961, p.60-80).

## BYLAAG 2

Verskillende engele en hul take, saamgestel uit: Els & Jonker (2000), Collins (2001), Prince, (2003) en Richards (1998)

**Tabel 1** Engele van Wet en Orde

<b>Voorbeeld</b>	<b>Skrifverwysing</b>	<b>Die straf</b>
<i>Sodom en Gomorra</i>	Gen. 18 en 19	Vernietiging deur vuur
<i>Die plae in Egipte</i>	“He cast on them [the Egyptians] the fierceness of his anger,/wrath, and indignation, and trouble,/by sending angels of destruction among them” Ps. 78:49, ook Eks. 1:7-11.	Plae, dood van oudste seuns
<i>Die plae oor ongelowige Israeliëte</i>	“...some of them also complained, and were destroyed by the destroyer” 1 Kor. 10:10, ook Num. 11.	Baie dood in groot plaag
<i>Inval in Kanaän</i>	“...and I will send my angels before you and I will drive out the Canaanite and the Amorite and the Hittite and the Perizzite and the Hivite and the Jebusite” Eks. 33:2, ook Gen. 15:13-16	Kultuur vernietig
<i>Oordeel oor Israel in die dae van Dawid</i>	“And when the angel stretched out his hand over Jerusalem to destroy it” 2 Sam. 24:16; ook 1 Kron. 32	70 000 is dood voordat Dawid die sondes bely het
<i>Dood van Herodus Agrippa</i>	“And immediately an angel of the Lord struck him, because he did not give glory to God. And he was eaten by worms and died” Hand. 12:23	Engel het hom getref met infeksie van rondewurms.
<i>Betrokke tydens die laaste oordeel oor die ongelowiges</i>	“Matt. 13:41, 42;2; Tess. 1:7-9; Op. 22”	

**Tabel 2** Aard of take van engele

<b>Aard of taak</b>	<b>Skrifverwysing</b>
Bring openbarings van God wat aangeteken is as deel van die Bybel.	Sag. 1-6; Die boek Daniël en Openbaring
Boodskappe aan individue	Sagaria, Maria, Jesus; Luk. 1:11-25, 26-38
Engele is heilige geestelike wesens	Rig. 14; Heb. 1:14
Engele is glorieryke wesens	Matt. 28:3
Engele is in God se teenwoordigheid en hulle aanbid hom	Matt. 18:10; Ps. 89:7
Vind vreugde in die werk van die Here	Luk. 15:10
Engele voer God se wil uit en werk in en deur die natuur	Ps. 103:20; 104:4; Heb. 1:7
Engele doen die wil van God en beheer die belange van nasies deur die leiers	Dan. 10:12-13; 21; Dan. 11:1
Engele hou wag oor die belange van sekere kerke	Op. 1:20
Engele sorg vir en beskerm alle gelowiges op aarde	1 Kon. 19:5; Ps. 34:7; 91:11; Dan. 3:19-25; Matt. 4:11; 18:10; Heb. 1:14.
Engele straf God se vyande	2 Kon. 19:35, Hand. 12:23
Lei God se diensknegte na glorie	Luk. 16:22, Matt. 16:27
Sal God se uitgesoektes bymekaar maak	Matt. 24:31
Vergesel Jesus met sy tweede koms	Matt. 25:31 2 Tess. 1:7-8
Sal God se oordeel bring oor God se vyande	Matt. 13:47-50
Verheug hulle as iemand tot bekering kom	Luk. 15:7, 10
Is God se verteenwoordigers	2 Kon. 19:35 2 Sam. 24:16; Gen. 18; 22:11-12.
Engele het Jesus gedien en versterk tydens sy aardse lewe	Luk. 2:9; 22:42-43 Matt. 4:11; 28:5-7 1 Tim. 3:16 en Hand. 1:10-11.
Engele is hemelse toeskouers en in diens van gelowiges	Heb. 1:14
Is 'n voorbeeld van die vreugde wat daarin is om gehoorsaam te wees aan God se wil	Matt. 6:10. (Prince 1998, wys daarop dat die koms van God se koninkryk die geestelike oorlog tussen Jesus, engele en demone is).
Engele herinner die mens aan sy waarde en finale bestemming	Ps. 8:5 Matt. 22:30
Engele sal die oes insamel of bymekaar maak	Matt. 13:39
Engele is boodskappers van God	Hand. 16:26
Engele red, verleen hulp, ondersteun en verlos gelowiges uit moeilike situasies.	Apostels word gered uit tronk – Hand. 5:17-28. Hand. 16:26 Dan. 3:25
Vertroos en moedig gelowiges aan	Hand. 1:11
Engele kan praat	1 Kon. 19:7
Is gehoorsaam	Ps. 103:20-21
Kan aan die mens verskyn en weer verdwyn	Gen. 31:11, Hand. 12:10
Berei omstandighede voor, vergesel mense, en is betrokke by die beantwoording van gebede	Gen. 24
Kan tussen die geestelike en die natuurlike realms beweeg.	Jakob sien 'n leer uit die hemel. Die Hebreeuse woord dui daarop dat die leer vanuit die hemel na die aarde toe kom.

**Tabel 3** Engele vs. Mense

Engele	Mense
<ul style="list-style-type: none"> <li>- Hulle is individue</li> <li>- Hulle is nuuskierig en het 'n intellek (1 Pet. 1:12)</li> <li>- Kan praat en kommunikeer met die mens (Dan. 10; Luk. 1:27-38)</li> <li>- Hulle het emosies (Luk. 15:10)</li> <li>- Het vrye wil, kan keuses maak</li> <li>- Twee engele het eie persoonlike name.</li> <li>- Daar is baie engele (Luk. 2:13)</li> <li>- Kan deur een mens gesien word maar nie noodwendig deur ander op dieselfde plek of tyd nie (Gen. 32:2)</li> <li>- Is onsterflik (Luk. 20:36)</li> <li>- Het direkte belewenisse van God.</li> <li>- Was getrou aan God toe Satan gerebelleer het</li> <li>- Tree altyd op binne God se perfekte wil en word beskryf as heilig</li> <li>- Is ook geeste (Heb. 1:14)</li> <li>- As hulle aan die mens verskyn, lyk hulle soos mense</li> <li>- Is sonder geslag maar word in Bybel uitgebeeld as manlik en kan nie voortplant nie (Luk. 20:36).</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Is individue</li> <li>- Het verstand en intellek</li> <li>- Kan praat en verbaal kommunikeer met mekaar en God</li> <li>- Het emosies</li> <li>- Het vrye wil, kan keuses maak</li> <li>- Het name</li> <li>- Daar is baie mense</li> <li>- Het vyf sintuie van waarneming</li> <li>- Is sterflik</li> <li>- Direkte, persoonlike verhouding met God</li> <li>- Kan kies om getrou te wees aan God en/of om Jesus te aanvaar of te verwerp</li> <li>- Sondig en tree nie altyd op binne God se perfekte wil nie</li> <li>- Het 'n gees maar is primêr 'n lewendige siel</li> <li>- Mense neem steeds engele waar (Collins, 2001)</li> <li>- Het geslag, ras en kan voortplant</li> </ul>

### BYLAAG 3

**Tabel 1** Behoeftes, begeertes en aanvoelings van die gees

<b>Die gees se intuisie</b>	<b>Skrifverwysings NV en KJV</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>- Is gewillig</li> <li>- Neem waar - “perceive”</li> <li>- Sug diep “sighed deeply in his spirit”</li> <li>- Juig “My spirit rejoices”</li> <li>- Aanbid “worship the Father in spirit”</li> <li>- Gemoed aangeraak, onrustig, aangedaan “moved in spirit and troubled”</li> <li>- Hewig ontsteld raak “troubled in spirit”</li> <li>- Verontwaardig “provoked within him”</li> <li>- Geesdriftig “fervent in spirit”</li> <li>- Ken verborge dinge: “What person knows a man’s thoughts except the spirit of the man which is in him”</li> <li>- Met gees bid, en die Lof van die Here sing in die gees, geestelik opbou “sing with the spirit...bless with spirit”</li> <li>- Gemoedsrus “had no rest in my spirit”</li> <li>- Gees wat geloof wek “same spirit of faith”</li> <li>- ‘n Gees van wysheid en insig “a spirit of wisdom and of revelation”</li> <li>- Jou liefde in die gees “your love in spirit”</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Matt. 26:41</li> <li>- Mark. 2:8</li> <li>- Mark. 8:12</li> <li>- Luk. 1:47</li> <li>- Joh. 4:23</li> <li>- Joh. 11:33</li> <li>- Joh. 13:21</li> <li>- Hand. 17:16</li> <li>- Hand. 18:25</li> <li>- 1 Kor. 2:11</li> <li>- 1 Kor. 14:15 en 16</li> <li>- 2 Kor. 2:13</li> <li>- 2 Kor. 4:13 c</li> <li>- Ef. 1:17</li> <li>- Kol. 1:8 letterlik</li> </ul>
<b>Die gees soek verhouding:</b>	<b>Skrifverwysing</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>- Hy aanbid God in gees en in waarheid (om te aanbid, is om kontak te maak met God, om intiem met God te verkeer).</li> <li>- Hy dien, is ‘n vorm van aanbidding en kameraadskap</li> <li>- Hy bid in die gees - gebed is intimiteit en gesprek met God (Lee, 1997).</li> <li>- Die gees is een met God se Gees, eenwording/ gemeenskap is die intiemste vorm van verhouding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Joh. 4:24</li> <li>- Rom. 1:9</li> <li>- Ef. 6:18</li> <li>- 1 Kor. 6:17</li> </ul>

**Tabel 2** Die eienskappe van die siel

Eienskappe van die siel	Skrifverwysing
1. Die siel is onsterflik en ewig. 'n Mens kan die liggaam van 'n ander doodmaak, maar nie die siel nie	- (Matt. 10:28)
2. Die siel en die hart is nie dieselfde aspek van die mens nie	- (Jos. 23:14; Deut. 29:6; 5:10; 10:12)
3. Die siel voer oorlog teen wellus (wellustige begeertes)	- (1 Pet. 2:11).
4. Die siel kan verlore gaan ("can be lost") of gered word	- (Mark. 8:36) of (Heb. 10:39; Jes. 1:21; 1; Pet. 1:9).
5. Die siel verlaat die liggaam tydens die dood	- (2 Kor. 5:8; Fil. 1:21; Jes. 2:26, Heb. 12:23, Op. 6:9-11)
6. Is sigbaar en kan waargeneem word nadat dit die liggaam verlaat het	- (Matt. 17:3; Luk. 16:19-31; Heb. 12:22-23; Op. 6:9-11)
7. God begeer dat beide die mens se siel en liggaam gesond moet wees	- (3 Joh. 2:1; 1 Pet 2:24).
8. Die siel "spirit" sal met afsterwe: - (in geval van die gelowige) na die hemel gaan  - of (in die geval van die ongelowige) na die hel gaan	- (2 Kor. 5:8, Fil 1:21-24, Heb. 12:22-23, Op. 6:9-11)  - (Jes. 14:9, Luk. 16:19-31; Op. 20:11-15; )
9. God het ook 'n siel	- (Matt. 12:18, Heb. 10:38)  (Dake, 1990, bl, 619-622)

Tabel 3 Die gebruike van die woorde *psuche* en *nephesh*

Grieks <i>Psuche</i> woord gebruik om te verwys na die mens:		Hebreeus – <i>Nephesh</i> Word gebruik om te verwys na	
as individu	Hand. 2:41;43; 3:23; 7:14	<b>“lower animals”</b> - skepsel of wese	Gen. 1:21, 24; 12; Lev. 11:46
<b>se lewe</b> wat vernietig, verwoes of gered kan word.	Matt. 2:20; 6:25; 10:39; 16:25; Luk. 6:9; 9:24; 12:22; Joh. 10:11; 15, 17; Rom. 11:3; 16:4; Op. 12:11	- saak of ding - lewe - die lewe	Lev. 11:10, Eseg. 47:9 Gen. 1:20, 30 Gen. 9:4, Deut. 12:23; Pr. 12:10 Lev. 24:18
<b>se siel</b> wat verlore, vernietig of gered kan word	Matt. 10:28;16:26; Mark. 8:36, Luk. 12:20; 1 Tess. 2:8; 5:3 Heb. 4:12; 6:19; 10:39; Jes. 1:2; 1 Pet. 1:9	- dier “beast” - die siel - asem - vis - haar (vrou)	Job 12:10 Job 41:21 Jes. 19:10; Jer. 2:24
<b>se eie ek of persoonlikheid</b> , wanneer dit verskeie kere gebruik word saam met persoonlike voornaamwoorde om die <b>self</b> te beklemtoon	Matt. 11:29; 12:18; 26:38; Mark. 14:34; Luk. 1:46; 12:19; Hand. 2:27; 31; 14:22; 15:24; 2 Kor. 1:23; Heb. 10:38; 1 Pet. 1:22; 2 Pet 2:8; Op. 18:14	<b>Mens en dier saam</b> - skepsels - die lewe - siel	Gen. 9:15-16 Lev. 17:11;14 Num. 31:28
<b>verstand of intellek.</b>	Hand. 4:2 en Heb. 12:3 Fil. 1:27	<b>Die mens as individuele wese</b> - siel	Gen. 2:7, 12:5; 4:5, 46:15-27; Eks. 1:5;12:4; Lev. 22:11, Ps. 25:20; Pred. 10:3; 11:25, 30; 14:25; 19:15; Eseg. 13:18-20; 18:4. Gen. 14:21; 36:6 Eks. 16:16; Lev. 27:2; Num. 31:40, 46; Deut. 10:22; Jer. 43:6; 52:20, 30; Es. 16:5; 27:13 Num. 31:35 Deut. 24:7 2 Kon. 12:4 1Kor. 5:21
Om al die <b>mag en krag</b> van die mens as <b>totale siel</b> te beskryf: - verstand - hart - lustig hartlik	Matt. 22:37, Markus 12:30, 33; Luk. 2:35; 10:27, Handeling 4:23; 3 Joh. 2 Hand. 14:2; Fil 1:27 Ef. 6:6 Kol. 3:23	-Persoon  -Persone -elke -Man/mens -Manne/Mense	

**Tabel 4** Vertalings van siel: saamgestel uit Nee (1977) en Lee (1997)

<b>Siel</b>	<b>Vertalings van siel</b>	<b>Teksvers</b>
<b>Negatiewe emosie</b>	-Verbitterd/droewig, bitterheid -Haat -Wreek/Wraak -Geïrriteerd/trotseer/pla en ongeduldig -Seerkry/las, ongerief -Bedroef of geteister -Spot en veragting deur ander -Leeg wees/ het aptyt -Onder druk / vertwyfeling en kerm	1 Sam. 1:10; 30:6 Ps. 11:5 Jer. 5:9, 29 Rig. 16:16 Ps. 88:3 Ps. 143:12, Jes. 58:10 Ps. 123:4 Jes. 29:8 Ps. 42:5-6
<b>Ander Emosies</b>	<i>Depressie</i> -Sal ween, huil -Smart -Droewigheid <i>Angs</i> -Benoud, angstig -Radeloos van angs “Melted” <i>Spanning</i> -Ongeduldig /moedeloos -Vermoeid, tam/ “Weary” -Uitgeput -Verneder -Verdor “Dried away” wurg <i>Verwerp</i> -“Soul failed” verwerping of mislukking	Jer. 13:17 Job 14:22 Jer. 31:25  Gen. 42:21 Ps. 107:26 KJV  Num. 21:4 Job 10:1 KJV Ps. 107:5 Ps. 44:25 Num. 11:6  Hoog. 5:6 KJV
<b>Begeertes</b>	-Bevredig/stel tevrede -Verag en honger -Lustig -Lusteth after -Begeer (net wat jy wil) -Begeerte na vrye of wens -Sien uit na/smag -Weier, verafsku, walg -Verafsku -Kieskeurig -Wil	Spr. 13:25, Ps. 63:5 Spr. 6:30 Deut. 12:15, 20-21KJV Deut. 14:26; 1 Sam. 2:16 Mig. 7:1 Gen. 34:3 Job 33:20, Ps. 107:18 Num. 21:5 Job 33:20 KJV Ps. 27:12; 41:2; Deut. 21:14 en Es. 16:27
<b>Begeertes</b>	-Smag/ bepeins	Ps. 42:1

<p><b>Gerig tot God</b></p>	<p>-Rig tot / vertrou “Lifted up KJV”                      -Roep God aan, nader Hom “to seek”                      -Wag/vertrou; Vertrou                      -Dors na God                      -Peins/ “Followeth hard after”                      -Prys; lof bring/loof of “bless”                      -Roem/trots                      -Ken; wysheid &amp; kennis</p>	<p>Ps. 25:1                      Deut. 4:29 KJV                      Ps. 33:20; 57:1KJV                      Spr. 42:2                      Ps. 63:8                      Ps. 146:1;103:1-2                      Ps. 34:3                      Jos. 23:14, Ps. 139:14;Spr. 24:13</p>
<p><b>Positiewe emosies geesgerigte emosies</b></p>	<p>-Lewe / “Converting”                      -Geniet voorspoed “Dwell at ease”                      -Ryk of geseënd                      -Rus en tevredenheid in die Here                      -Vind vertroosting en rus “Delights”                      -Liefhê                      -Hart uitstort                      -Juig en jubel                      -Vreugde                      -Versterk, krag gee                      -Natgelei word, “Watered”                      -Deernis, liefde, jammer kry “Pitieth”                      -Aangename woorde is soet en geneeskragtig                      -Tugtig/suiwer</p>	<p>Ps. 19:8; KJV vers 7                      Ps. 25:13; KJV                      Ps. 49:18                      Ps. 131:2                      Ps. 94:19; Jer. 6:16                      Deut. 6:5; 11:13                      1 Sam. 1:15                      Ps. 35:9                      Spr. 29:17                      Ps. 138:3                      Jer. 31:12                      Eseg. 24:21, KJV                      Spr. 16:24                      Ps. 69:10</p>

**Tabel 5** Tipes emosies in die Bybel

Emosies van affeksie		Emosies van begeerte		Emosies van gevoel en aanvoeling	
Emosionele <i>bande</i> wat twee siele verbind en lief maak vir mekaar	1 Sam. 18:1 "the soul of Jonathan was <i>knit</i> to the soul of David and he <i>loved</i> him as his own soul	Begeer, verlang, smag	Deut. 14:26	Pierce through	Luk. 2:35
Liefde	Spr. 1:7; Deut. 6:5	Het inspraak, "sê"	1 Sam. 20:4	Bitter and vexed	1Sam. 30:6 2 konings 4:27 Pet. 2:8
Haat	2 Sam. 5:8	Longs and faints	Ps. 84:2	Vex	Job 19:2 2
<i>magnifies</i> the lord	Luk. 1:46	Longing	Es. 24:21	Grieved	Rig. 10:16
"adoreth".	Job 33:20; Ps. 107:18	Longs	Ps. 42:1	Exalt	Jes. 61:10
<i>vexed</i>	Sag. 11:8	Yearns	Jes. 26:9	Gladden	Ps. 86:4
weary of my life	(Job 10:1	Well pleased	Matt. 12:18	Fainted	Ps. 107:5; Joh. 2:7
				Cast down	Ps. 42:5
				Rest	Ps. 116:7
				Consumed with longing	Ps. 119:20
				Sweetness	Spr. 16:24
				Delight	Jes. 55:2
				Sorrowful	Matt. 26:38
				Troubled	Joh. 12:27


**Tabel 6** Oorspronklike woorde vir vlees

Taal	Vertaling en verduideliking	Skrifverwysings
Grieks Sarx/sarkikos	<p><b>Vlees:</b></p> <p>- die “sagte” deel van die mens se liggaam, die “flesh” en praat van die nie-wedergebore mens – iemand wat nog nie Jesus aangeneem het nie. Die impuls van sonde of die setel daarvan. Sarx is sonde in Rigters 23 (Nee, 1977 en Murphy, 1996)</p> <p>- “Natural, fleshly human ... Here it means the full deprivity of fallen man, sold as a slave and under the control of animal appetites and evil spirit forces” (Dake 1990, NT p. 166)</p> <p>Of ‘n vleeslike verstand</p>	<p>Rom. 7:14 &amp; 18; 15:27; 25; 8:5b, 12-13; Gal. 5:17,19, 6:8; 1 Kor. 3:1-4; 9:11; Heb. 7:16; 1Pet. 3:21; 1Joh. 2:16</p> <p>Rom. 8:7; Kol. 2:18</p>
Hebreeus Basar	<p><b>Liggaam vlees/ vleeslike liggaam</b></p> <p>Betekén in die breë: die menslike liggaam – of dit lewendig of dood is. “I see in my members another law at war with the law of my mind and making me captive to the law of sin which dwells in my members” Rom. 7:23 RSV</p>	<p>Rom. 7:23</p> <p>Kol. 2:11</p>
<p><b>Mensdom</b></p> <p>Verwys na die totaliteit van die mensdom en die Bybel sien alle mense dus as vleeslik. Nee, 1977 verduidelik dat elke mens beheer word deur die samestelling van sy siel en sy liggaam wat die vlees genoem word. Die mens jaag die behoeftes van sy impulse/of tekens van sy liggaam en sy eie begeertes van sy siel na.</p>		

**Tabel 7** Die vier elemente van die hart

<b>Gees</b>	<b>Gees vertaal as hart</b>	<b>Skrifverwysing</b>
Gewete	Ons hart is gereinig van 'n skuldige gewete "hearts sprinkled from an evil conscience"	Heb. 10:22
<b>Siel</b>	<b>Siel vertaal as hart</b>	<b>Vers</b>
	Hart wat <i>onderdruk</i> kan word Die hart kan begeer Hart kan trots wees "has a proud heart"	Eks. 23:9, Lev. 26:16, Deut. 24:15 2 Sam. 3:21, Ps. 10:3 Pred. 28:25
Verstand	"Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?" "...think ye ... in your hearts" "...the thoughts of his heart was only evil" Dit beoordeel die bedoeling en gedagtes van die hart	Matt. 9:4  Gen. 6:5  Heb. 4:12
Wil	Bedoelings... van die hart "met hart en siel getrou te bly" "purpose of the heart" "wat van harte die wil van God doen"	Heb. 4:12 Hand. 11:23 Ef. 6:6
Emosies	"julle harte vol blydschap wees" "is julle harte vol droefheid" Kan swaarmoedig word Kan verheug wees Kan bitter word Kan affek beleef, geroer of hartseer word	Joh. 16:22 Joh. 16:6 Spr. 31:6 Es. 25:6 Es. 27:31 Klaag. 3:51

## BYLAAG 4 WOORDE WAT VERWYS NA DEMONISERING



## **BYLAAG 5 BEKENDSTELLING VAN VERSKILLENDE ALTERS.**

### **Die Kernpersoonlikheid**

#### **KARIEN:**

Die kernpersoonlikheid was 'n satanistiese meesteres wat bevorder sou word tot hoëpriesteres en is tans 'n wedergebore Christen.

Sy kom effens oneg, benoud, teruggetrokke, tog selfversekerd voor en toon sosiale interaksievaardighede en die vermoë om te sorg vir haar hond – laasgenoemde is moontlik 'n transisie-objek.

Verder is daar tye wat sy reaksieloos voorkom (nie katatonies) wanneer haar gees haar liggaam verlaat (of tydens totale dissosiasie) waartydens sy koma-agtig op die vloer lê met 'n verlaagde hart- en asemhalingstempo.

Karien se gedrag word gekenmerk deur: waarneembare persoonlikheidswisselings; die gebruik van dissosiasie as verdedigingsmeganisme; die aanneem van die rol van 'n outoriteitsfiguur; 'n hoë DA en dissosiasie en/of regressie tydens die heroproep of ervaring van emosionele trauma; grofmotoriese slang- en draaibewegings tydens koma-agtige staat.

Haar gedagtes sluit in selfmoord-ideeë, die afwesigheid van sin en betekenis aan die lewe na haar kind se dood (sy identifiseer met die kind as die simbool van lewe – verlies van kind is verlies van lewe).

Sy beskerm haarself en haar kind teen geweld en verlies; het nie 'n behoefte aan aandag nie. Sy toon egter behoeftes aan: geestelike hulp; beskerming in die natuurlike wêreld (ook deur gebed); geestelike oorlogvoering teen demoniese aanvalle en straf deur die satanistiese beweging; genesing vir die sisteem; dat die Here haar gees moet terugbring na haar liggaam; psigologiese behouding en fisieke kontak deur die terapeut; terapeutiese behouding tydens traumatiese terugflitse; liefde; liefde van die drie-enige God; gebed as intervensie om persoonlikheidswisselings te fasiliteer; 'n oorgangsobjek (hond en hand van terapeut); hulp van engele en God om haar gees terug te bring na haar liggaam en bonatuurlik te verwyder uit rituele.

Sy kommunikeer: verbaal; nie-verbaal deur kreungeluide van pyn; identiese baba-huil- en piepgeluide; brabbeltaal; namens ander alters. Sy ervaar soms dat demoniese magte deur haar kommunikasie. Sy is bekend aan meeste alters.

Sy ervaar vrede en kalmte in gebed en geestelike oorlogvoering; liggaamlike herinnerings; traumatiese terugflitse; die herlewing van fisieke pyn en psigosomatiese pyn; gekompliseerde rou-reaksie oor verlies van A; gevoelens van hartseer; verlaging in angstigheid na persoonlikheidswisseling en gebed en dankbaarheid om deel te wees van navorsing.

Verder ervaar sy vervolging deur die raad, satanistiese sel wat haar kind (A) teen haar gebruik, demone; angs tydens dreigende terugkeer van geprojekteerde slegte objek; paranoïede angs.

Haar bewussynsvlak word gereeld getoets en verbale kontak behou en die terugkeer van geprojekteerde slegte objek veroorsaak somatiese pyn.

Sy ontlok empatiese gevoelens by die navorser wat haar as nie-manipulatief ervaar, maar as iemand met intense pyn en seer, wat hulp soek. Die empatiese gevoelens veroorsaak dat die navorser self ook in stil gebed vir God vra om sy engele te stuur en om haar te bedien.

### **Interne-selfhelpers**

#### **NADIA:**

'n Interne-selfhelper en vrou in haar vroeë twintigs wat die moederrol oorgeneem het. Die alter wat die grootste deel van die onderhoud met die navorser gevoer het.

Sy was die eerste alter wat hulp gesoek het, kom soms gereserveerd voor en verwys gereeld na haarself in die derde persoon, "ons". Sy kommunikeer verbaal in 'n duidelike stemtoon en nie-verbaal namens ander alters en vice versa en is bekend aan Karien, Jolandie, Aimy; Reanie.

Daar is pogings by haar om interne kommunikasie met Karien te verhoed, maar sy is normaalweg ten gunste van samewerking en integrasie. Sy is attent op nie-verbale gedrag van persone en is oortuig dat persone soms na haar kyk as iemand wat mal is (met psigopatologie).

Sy beskerm Karien, het 'n hoë pyntoleransie en hanteer fisieke mishandeling namens die sisteem, maar nie seksuele mishandeling nie. Laasgenoemde word deur 'n kinderalter, geskep tydens seksuele mishandeling, hanteer. Twee datums (22 Junie en 22 Des) verwant aan Adriaan, is snellers wat traumatiese herinneringe ontlok. Gedurende die onderhoud benodig en skep sy soms struktuur en stel grense vir interaksie.

Sy het nie betrokke geraak by satanisme as gevolg van 'n soeke na mag nie en was bewus dat sy verward is en 'n lewe as geestelike versteurde mens in die gesig staar. Die terapeut benodig deurgaans haar hulp om orde in die sisteem te herstel.

Vir haar is ontvlugting uit satanisme nie 'n doelbewuste keuse nie maar sy gee drie redes vir oorskakeling:

Sy is 'n minder kompulsiewe roker en rook uitsluitlik met die linkerhand en nikotienafhanklikheid blyk een van haar hanteringsmeganismes vir emosionele seer en trauma te wees.

Sy voel dat daar nie ag geslaan word op haar nie; dat sy nie verstaan of gehoor word nie; en haar emosies sluit in skuldgevoelens, vrees, empatie vir hoëpriester; hartseer; emosionele ontladings, skeidingsangs;

Psigologiese aspekte van haar ego sluit in: sterk ontkenning van waarde en betekenis; heruitleef van die primêre-objekverhoudings; pogings om deur projeksie of projektiewe identifikasie primêre objekverhoudings te herhaal; identifikasie met die mishandelende dominante outoriteitsfiguur en hoëpriester; tekens van die infantiele afhanklikheidsfase; skisoïede vrees en onttrekking van libido – eksterne objek (God, Christene) gaan my vernietig. 'n LE wat onbewuste behoefte aan verlosser projekteer op 'n manlike Christen (goeie objek); deelobjekverhoudings waar sy die goeie objek (Christen en Jesus) verwerp en identifiseer met interne slegte objek (Satan); verhouding met primêre objekte gekenmerk deur deprivasie en alle vorms van mishandeling; interne konflik; ervarede aggressie wat na binne gerig word; emosionele ontlading; vrees interne aanvalle. Deur gebed hanteer Nadia haar eie angs; skeidingsangs; onbewuste behoeftes wat bewus word; afwesigheid van hanteringsmeganismes vir emosionele seer; afhanklikheid van terapeutiese hulp en opbou van ego; godsdiens dien as oorgangsobjek; insig dat interne-slegte-objekverhoudings liefde probeer keer en bewuswording van eie waarde en betekenis.

Haar verdedigingsmeganismes sluit in: onderdrukking; rasionalisering (impak van kerk se teenwoordigheid), projeksie (van behoefte aan verlosser en paranoïede skisoïede angs vir disintegrasie van ego; aggressie op terapeut); geestigheid en sy bied soms weerstand; patologiese gebruik van godsdiens teen emosionele realiteit; ontkenning; fantasie; dissosiasie; splitsing om angs te hanteer; geestigheid; projektiewe identifikasie; ontkenning en idealisering.

Sy ervaar: tydsverlies; verlies van motoriese beheer wat sy toeskryf aan bonatuurlike elemente; duidelike persoonlikheids-, gedrag- en liggaamspostuur-veranderings en maniërismes is waarneembaar by haar. Kenmerkend wanneer sy "body time" het, is frases soos "Sjoe" en "Jissie" en 'n beperkte gebruik van handgebare, die op-en-af knik van haar kop vir "ja" en 'n verhoging in angs en asemhalingstempo voor oorskakeling na ander persoonlikheid gevolg deur disoriëntasie t.o.v. persoon; soms fisieke ongemak en/of psigosomatiese pyn; katarsis van angs.

Geestelike ervarings sluit in: magtelose gevoelens tydens gebed; die bonatuurlike kennis oor haar lewe deur die onbekende evangelis as onvergeetlik; geestelike oorlogvoering; inspanning om na woorde van God te luister; 'n onbeskryflike effek wat Jesus op haar gehad het; beskerming in bloed van Jesus Christus; dat God in beheer is; kalmte in gebed.

Nadia het behoefte: aan 'n verlosser; behouding deur navorser en terapeut; grense tydens interaksie; 'n goed-genoeg moeder wat vir haar lief is; veiligheid; gebed en ondersteuning van God en engele wat ego behou; om onderhoud af te handel; om oukei (genees) te wees; aan integrasie; fisieke nabyheid van terapeut; konflik; aan geestelike en psigologiese hulp en beskerming, dat onderdrukte goeie deel na bewuste moet kom; beskerming deur terapeut; om gered te word deur geïdealiseerde objek.

Ander waarneembare simptome en gedagtes sluit in: selfmoord-ideasie; selfmutilasie; simboliese en konkrete letterlike denke, soms abstrakte denke; die vermoë om akronieme te maak (FINE – frustrated; erratic; neurotic; emotional, OK – Oo K\*%); onderskeiding tussen psigiese interne wêreld en geestelike eksterne wêreld; demonisering; ervaar trauma tydens onderhoud; duidelike kommunikasie deur terapeut dat Nadia se lewe en gesondheid belangriker is as onderhoud; terapeut versterk verantwoordelikhedsin deur haar te laat bid.

Die onderhoud word deur Nadia as traumaties ervaar en dit het: onbekende alter of persoonlikheid ontsluit; Nadia bewus gemaak van onbewuste deel; samewerking tussen alters versterk; dankbaarheid by Nadia veroorsaak en 'n terapeutiese effek op Karien gehad.

Traumatiese herinneringe sluit in: 1) 'n ritueel (hoofsaaklik seksorgies/ perversiteit) waarvoor sy (en sataniste teenwoordig) aanvanklik beheer gehad het en wat in chaos verander het na die opdaag van 'n Christelike kerk en hul gebede, waartydens sy verkrag en swanger geword het; 2) fisieke en emosionele mishandeling deur stiefma, en alle vorms van mishandeling deur stiefpa. 3) terugflitse toegeskryf aan die sluise van herinnering; 4) vervolging deur interne alters, satanistiese sel en geesteswêreld.

#### **JOLANDIE:**

'n Vroue-alter met 'n stemtoon kongruent aan 'n vrou in haar twintigs. Sy is bekend aan Melanie, Reanie, Jolandie, Aimy en Karien, en is 'n interne-selfhelpster wat alleen kennis dra van Dané (dwelmgebruiker).

Sy bied hulp aan ander alters en hanteer emosionele trauma, hartseer en seer namens die sisteem.

Is oortuigend en kommunikeer verbaal, nie-verbaal, soms namens ander alters en ander alters namens haar.

Sy is primêr Afrikaans en haar taalgebruik word gekenmerk deur die gebruik van baie Engelse woorde en kragwoorde; frases soos “Weet jy” kom baie voor, veral net voor of na ‘n traumatiese herinnering ervaar of herroep word. Sy word deur Nadia as arrogant beskryf en het ook so voorgekom tydens die onderhoud. Navorsingsvrae wat handel oor seer ontlok oorskakeling na haar aangesien sy as interne-selfhelpers oor trauma en seer kommunikeer.

Sy ervaar haar stiefma as fisiek mishandelend; detailherinneringe (of terugflitse). Sy rook uitsluitlik met haar linkerhand en haar nikotienafhanklikheid dien as hanteringsmeganisme vir trauma.

Sy huldig ook ‘n Christelike wêreldsiening wat kan onderskei tussen die geestelike realiteit en menslike realiteit. Sy raak veral opgewonde wanneer sy die liefde van Jesus met vroeër onbekende alters kan deel en was oortuig daarvan dat die kerk onkundig was, ontoepaslik opgetree het en dat hul gebede verwarring gebring het en ‘n invloed gehad het. Die kerk en gebed is dus vir haar ‘n moontlike snellerinsident vir oorskakeling na Christenskap – die herroeping hiervan ontlok angs en weerstand – maar sy noem daar was ander redes vir oorskakeling ook.

### **Vroulike alters**

#### **MELANIE:**

‘n Engelse vroulike alter van vlak 1, kom onrustig angstig, ongemaklik en bang voor en haar liggaamshouding is sittend, terneergedruk.

Sy is bekend aan Aimy, Reanie en Jolandie.

Sy hanteer die aggressie wat gerig word op die sisteem en was vroeër ‘n alter wat geskep is deur Daddy Chopper tydens satanistiese rituele.

Sy ervaar: angs en somatiese pyn; die krag van gebed wat verhoed dat ritueel plaasvind; geestelike ervarings soos die verskyning van engele en hul liefde – die liefde bring egter ook vrees; onrustigheid tydens geestelike aanvalle; ook emosionele en fisiologiese pyn en hartseer; kommunikasie deur demoniese stemme van buite.

Sy kan gesien word as ‘n interne slegte objek met wie die ego geïdentifiseer het, wat na identifikasie met die geïdealiseerde eksterne objek, Jesus Christus, verlos is uit die skisoïede posisie en tans in die depressiewe posisie verkeer. Daar is sterk asosiasies met die interne goeie objek (LE) met wie sy nou identifiseer en gevolglik vrees sy die terugkeer van die geprojekteerde (AE) deel met wie sy vroeër geïdentifiseer het. Die terugkeer van hierdie nou ego-distoniese objek word dan ervaar as demoniese aanvalle. Sy word vervolgd deur die interne slegte objekte en

ervaar die terugkeer van geprojekteerde objekte as aanvalle deur geestelike wesens of demoniese stemme. Dit blyk verder asof sy somatiesse herinnerings en of gedeeltelike dissosiasie beleef.

Sy kommunikeer op verbale en nie-verbale wyse met kreungeluide, hullerige neurie; Kraamagtige pynlike kreune; verbale pynlike kerngeluide; Baba-agtige nie-verbale kommunikasie. Soms kommunikeer sy namens Aimy.

Haar gedagtes en herinneringe is gefragmenteer en sy herroep die lewensgebeure ook gefragmenteer. Dit bevat hallusinasies of die geloof dat sy in die gees kan sien.

Vir haar was die verskyning van engele en onuitvoerbaarheid van die rituele, as gevolg van Christelike gebede die hoof- geestelike snellerinsident vir oorskakeling.

Sy was 'n godsdienstige swerwer en het hulp gesoek in Boeddhisme, Islam en ander nie-Christelike godsdienste maar het dit nie gekry nie. Die gevolg was dat sy 'n aanhanger geword het van die Christelike Godsdiens, waar sy hulp gekry het.

Daar is tye wat sy die terapeut onderbreek.

Sy het 'n behoefte aan: geestelike beskerming en verberging deur gebed; die stop van oordele; fisieke kontak (onbewuste behoefte); aan gebed vir skeiding tussen Melanie en pyn; geestelike hulp vir psigologiese bystand; die hulp van engele om uit derde vlak van interne psigiese struktuur gehaal te word; bevestiging van waarde en betekenis.

Sy word vervolg – vervolging deur die raad (interne slegte objekte/ narsissistiese groep) wat aggressie rig (op interne goeie objekte). Dit blyk ook in haar geval of die terugkeer van die geprojekteerde slegte objek ervaar word as demoniese aanvalle.

#### **TASHA:**

'n Volwasse Christen- vroue-alter wat soms 'n sterk ego tydens geestelike aanvalle het; sy staan ander alters by en ondersteun hulle ook deur gebed tydens geestelike aanvalle.

Sy kommunikeer verbaal en nie-verbaal deur ander alters en vice versa.

Waarneembare persoonlikheid- en gedragsveranderings wanneer sy "body time" het.

Sy ervaar: vervolging deur die raad en satanistiese sellede; vrees- en/of vervolgingsangs; dat sy empatie en ondersteuning aan ander alters kan bied.

Behoeftes aan: gebed; en om ander alters te ondersteun.

#### **Christelike alters**

##### **CHRISTENE:**

'n Biddende alter van vlak 1 en is bekend aan Aimy, Melanie, Reanie en kan verbaal self kommunikeer.

Haar gedrag word gekenmerk deur gebed en isolasie of onttrekking. Sy is Engelssprekend en huldig 'n Christelike wêreldsiening. Haar taak is om ander alters te ondersteun deur gebed en om interne samewerking te bewerkstellig.

Verder kan sy gesien word as 'n interne goeie objek (LE) wat liefde soek en graag in verhouding wil staan, maar vervolg word hiervoor deur die interne slegte objekte (AE).

Sy het primêr geestelike behoeftes aan gebed en ondersteuning deur God en terapeut.

Sy word vervolg deur die satanistiese sel en die "raad" en is nie gedemoniseer nie.

**REANIE:**

Is 'n biddende alter van vlak 1. Sy is 16 jaar oud en bekend aan Karien, Tanja (die onbekende alter), Bill, Coeko, Brian, Andrew, Kobus.

Sy kommunikeer verbaal, nie-verbaal en met ander dele en terapeut. Kenmerkend van haar gedrag is: intensiewe aanbidding van drie-enige God; gebed vir die sisteem; onttrekking; selfliefde (wieg handeervoet vorentoe en agtertoe), verhoging in asemhalingstempo, herwinning van bewustelikheid na oorskakeling bied soms weerstand in gebed deur dit te onderbreek en kom soms hartseer voor.

Sy ervaar angs, skeidingsangs, vervolgingsangs, pyn, vrees, psigosomatiese simptome, en aggressie.

Haar denke is soms konkreet en sy ontsnap in fantasie.

Sy huldig 'n Christelike wêreldsiening en het kennis van die Bybel, weet wat dit behels om 'n Christen te wees en aanbid die drie-enige God. Sy word blykbaar in die gees geneem en sy weet van "hekwagte".

Sy het verskillende interne-objekverhoudings en kan beskou word as 'n interne goeie objek (LE) wat vervolg word deur die interne narsissistiese groep, ander interne slegte objekte (AE) of egodele.

Sy het behoefte: om vir die sisteem te bid en deur gebed ander alters te ondersteun; aan interne kommunikasie en samewerking; om hulp te verleen aan terapeut om rituele en vervolging te stop; om liggaam te beheer; aan gebed en geestelike bystand/empatie; aan 'n Verlosser en benodig soms hulp van ander Christen-alters wanneer sy ander persoonlikhede moet roep.

Sy word vervolg deur interne slegte objekte (diamantstruktuur-vervolging), en satanistiese beweging. Sy ervaar ook geestelike vervolging (bonatuurlike demone of astrale geeste).

**DANÉ:**

‘n Engelse 16-jarige vroue-adolescente alter wat hoofsaaklik dwelms gebruik as ‘n hanteringsmeganisme vir trauma.

Sy kommunikeer verbaal en nie-verbaal deur Jolandie en vice versa. Daar is tye wat sy ‘n oordosis heroïene gebruik het. Sy is nie bekend aan Nadia nie en Jolandie dra alleen kennis van haar en haar dwelmgebruik

**Manlike alters**

**DERICK:**

‘n Sewentienjarige vlak 1- manlike alter wat slegs opgespoor kon word deur interne samewerking en kommunikasie.

Die navorser kon ouditief ondeundheid waarneem en hy beskik oor die vermoë om verbaal en nie-verbaal te kommunikeer in ‘n manlike stem en wyse.

Hy word die objek vir projeksie van aggressie deur die sisteem en maak gebruik van onderdrukking en humor as verdedigingsmeganismes. Hy woon onder die trappe in die interne psigiese kasteel.

Hy het ‘n manlike identiteit aangeneem en kan gesien word as ‘n interne libidinale ego (LE) wat identifiseer met die vaderfiguur en vervolgd word deur die interne slegte objekte (AE).

**Kinderalters**

**AIMY:**

‘n Vlak 1- kinderalter wat 5 jaar oud is en seksuele trauma hanteer. Sy is bekend aan Nadia, Jolandie, Melanie, Reanie en Christene.

Sy voel soms onveilig in die sisteem. Sy word uitgeken deur kinderlike maniërismes (op-en-af-knik van haar kop op ‘n kinderlike wyse) en kom skaam en onseker voor.

Haar ego blyk met tye sterk genoeg te wees, met ‘n gevoel van waarde en betekenis. Verder kan sy gesien word as ‘n interne goeie objek. Sy het ‘n behoefte aan gebed, geestelike hulp en ondersteuning deur God, engele en ander alters.

Sy huldig ‘n Christelike wêreldsiening en word deur ander Christen-alters bedien.

Sy word vervolgd deur die raad en satanistiese beweging en is gedemoniseer en kommunikeer deur Megain.

**TANJA (die onbekende alter):**

‘n Satanistiese Engelse kinderalter van vlak 3 wat bekend is aan en bewus is van Reanie en Jolandie en onbekend is met die Here se liefde en mag.

Sy kommunikeer duidelik in 'n kinderlike stem verbaal en nie-verbaal (in neurie-geluide soos 'n kind) namens ander alters en vice versa. Sy praat ook namens die raad.

Psigologiese aspekte: geïdentifiseer met interne slegte objek; poog om te identifiseer met interne goeie objek en word hiervoor vervolgd deur interne slegte objek; poging om libido te rig op eksterne objek bring interne konflik; afwesige gevoel van self; embryo-self – ego van infantiele afhanklikheidsfase, geloof en geestelike wêreld behou gefragmenteerde egodeel; behoefte aan verlosser; bied nie weerstand teen samewerking en interne kommunikasie nie.

Verdedigingsmeganismes sluit in: ontkenning, projektiewe identifikasie.

Sy ervaar: angs; disoriëntasie t.o.v. persoon net na oorskakeling na haar; interne rituele vervolging deur die raad en terapeut benodig haar leiding om dit te stop; hartseer en huil snikkend; dat sintuiglike leefwêreld aangeraak word deur gebed.

Het behoefte: aan empatie en behouding deur die terapeut om angs te verlaag; iefde en aanvaarding wat gevoel van self gee; gebed; aan verlosser; aan bonatuurlike ingryping om liefde en mag van Here te ervaar; sensoriese kontak en fisieke nabyheid van terapeut; veilige omgewing.

Die onderhoud: het haar ontsluit en na vore laat kom. Dit wil voorkom of sy nog 'n satanistiese wêreldsiening huldig aangesien Jolandie opgewonde is om die liefde van Jesus met haar te deel en sy 'n vlak 3- alter is; het terapeutiese effek gehad en interne samewerking en bewustheid van onbekende alters gestimuleer.

Haar denke blyk konkreet te wees, maar sy werk goed saam met die terapeut.

### **Baba-alters**

#### **TAMRIN:**

'n Baba-alter wat tydens geestelike aanvalle of verlating van gees uit liggaam (dissosiasie) aangeval en getraumatiseer word. Die terapeut het na haar gevra en was bekend met haar.

#### **KLARISSA:**

'n Driejarige peuter-alter met swak ego wat bekend is aan Melanie wat dieselfde lewenservarings deel en aanleiding gee tot 'n gefragmenteerde herroeping van die lewensverhaal.

Ervaar: beide demoniese aanvalle en psigologiese aanvalle van pyn, smart en seer; vervolging deur die satanistiese sel.

Behoeftes aan: geestelike oorlogvoering en om losgesny te word van rituele en moederheks; gebed en terapeutiese behouding.

Waarneming van persoonlikheidsverandering na gebed as intervensie en kenmerkende nie-verbale kommunikasie van driejarige kinder-huil-geluide.

Sy huil meestal en kom hartseer voor.

Die gebed het haar na vore laat kom.

### **Beskermingsalters of dierlike alters (nie demone):**

#### **BOSH:**

Is 'n dierlike alter. 'n Wolf van die onderaardse sel wat help om die jonger alters (soos Tammy) en die sisteem te beskerm.

Bekend aan Reanie, Tammy. Die terapeut kommunikeer deur ander alters en hy grom en huil soos 'n wolf. Benodig gebed om hom te kalmeer of terapeutiese rolspel.

Hy kan gesien word as 'n interne primitiewe ego of ego-struktuur of die interne saboteur wat aggressie rig op die interne goeie objekte (AE-dele) en/of eksterne objekte wat Karien bedreig.

#### **GISMO:**

Is 'n dierlike alter: 'n Luiperd van die onderaardse sel wat help om kinderalters en sisteem te beskerm. Hy is bekend aan Reanie en die terapeut. Kommunikeer deur Tammy en Reanie en blaas soos en het die maniëriesmes van 'n luiperd. Benodig geestelike intervensie van gebed of terapeutiese rolspel om hom te kalmeer.

Hy kan gesien word as 'n interne primitiewe ego of ego-struktuur of die interne saboteur wat aggressie rig op die interne goeie objekte (AE-dele) en/of eksterne objekte wat Karien bedreig.

### **Alters van die raad**

#### **DIE RAAD:**

Is op vlak 3 en vlak 4 van die Kasteel en is verantwoordelik vir die vervolging van ander alters. Dit is die interne narsissistiese groep of interne slegte objek/te wat ander alters vervolg deur satanistiese rituele aangesien hulle steeds lojaal is aan die satanistiese sel. Laasgenoemde staan bekend as interne rituele, bekend aan alle alters, en kommunikasie vind verbaal of nie-verbaal plaas deur ander alters. Raadslede wat oorgeskakel het na die Christelike godsdiens soos Aimy word die objek waarop hul aggressie geprojekteer word.

Die intene self-helpers beskerm alters teen hul aanvalle.

Psigologiese kenmerke: interne vervolgers; 'n groep dinamiese interne slegte deel-objekte wat ander alters vervolg deur intrapsigiese rituele, rig aggressie op Christen-alters en ander libidinale ego of interne goeie/self-objekverteeningings;

weerstand teen kommunikasie met terapeut; die interne-selfhelpers beskerm alters teen die raad; tydens geestelike aanvalle (terugkeer van geprojekteerde slegte objek) kry die raad beheer oor die sisteem.

Die raad ervaar: self vervolging deur die satanistiese sel en vrees oordele deur ander raadslede; engele (interne geïdealiseerde objekte) as vyandig en bedreigend aangesien hulle interne rituele stop.

Geestelike intervensies; geestelike oorlogvoering; gebed; hulp van engele is nodig om hul vervolging en oordele te kanselleer.

**Gedemoniseerde alters:**

Volgens Karien is daar verskeie alters op vlak 3 en 4 wat gedemoniseer is. Dit word genoem in haar nuwe lewenskets en sy beskryf die demone as kreature wat nie deel is van die sisteem nie.

## BYLAAG 6

You will have to excuse my interpretation of the whole event, for I am a bit of a poet.  
The night is still young and you are yet to find out what awaits you  
Deep inside we are all quiet, waiting and watching his every move  
For when the door opens the night begins the night where fear grew  
He would walk in and request my presence he'd give me a kiss in my room

No one is home but us as usual and this night will be special indeed  
For on this dark night we will take a long drive to almost nowhere  
This will be the night we will find out who they really are our fear and their greed  
And this is also the night that I found out that there is really no one who care

The drive was long, but I was use to this, every other month I'd see this face  
The night is soon to begin, and I am dressed and ready to please these guests  
For they come from far and near to serve with everything they have but grace  
The master will pleased for all are here, so without delay lets begin this fest

From far and near pretty woman comes to please these men  
For this is the night they will celebrate and indulge in our flesh  
The room gets filled with voices young and old every woman shinning like a gem  
Howling fills the air, voices fade at the sight of this one cloak

The master has arrived and this is why most is here solely for him  
For he gave out a special invitation for six children to be present  
We were always there and feared for what might happen on this night of his  
See you will never know what he will have instore or what he will present

The howling stopped and everyone bowed at this great sight  
The master welcomed all and sat upon his throne lifting his hands  
Two woman came closer and sat at his feet bowing at his might  
He touched their heads and with that again he would stand

Everyone still on the ground in front of him kept quit at his demand  
From where he stood an altar emerged from below the floor  
Someone lied upon it and her face was fearful she knew she was damned  
The master stood over her and lifted his left hand everyone raised from the floor

As everyone raised the howling became louder and all fell in with a 'song'  
The chanting grew louder and the air became darker with every word spoken  
The lady on the altar raised in mid air and I knew now it would not be long  
The master rang the bell and the chanting became more of a death token

After the sacrifice was over, which I choose not to elaborate on  
I was taken to the chamber along with the other five children till he came  
The orgy has begun in almost every room of this house; their sanity has gone  
And now it is our turn to prove to the master how worthy we are, all the same

If you are not worthy enough he will hurt you dearly, yet somehow no one is ever worthy  
enough  
This lead to more pain and through time you learn how not to feel  
The night carries on until dawn, when we leave we will not speak, it is tough

The drive home becomes even longer after three nights being in the master's home  
So how can he see into my eyes like open doors invading every part of me?  
